STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

# NUUSBRIEF
# IPHEPHANDABA
# NEWSLETTER

UITGAWE 29 - 2017 • EDITION 29 - 2017

# *Van die Burgemeester*
# *From the Mayor*

Liewe Inwoners,

*Dit is lekker om hierdie mooiste mooi lentemaand te kan afskop met goeie nuus! Ons het nog 4 toekennings gevoeg by ons groeiende versameling. Die Munisipaliteit is onlangs vereer by die jaarlikse Provinsiale Govan Mbeki Toekennings vir Behuisingsprojekte. Die Jamestown-projek het die toekenning gewen vir beste geïntegreerde residensiële ontwikkelingsprogram en die Watergang projek het die toekenning ontvang vir die beste informele woongebied opgraderingsprogram.*

Ek wil van die geleentheid gebruik maak om geluk te sê aan die betrokke amptenare wat so hard gewerk het vir hierdie toekennings. Die Plankenburg Uitval Rioolwerke het ook 'n toekenning gewen by die CESA AON Ingenieurswese Uitnemendheidstoekennings. Hierdie toekennings word gegee aan projekte ter waarde van R50 miljoen en minder. Die Plakenburg-projek het tweede geëindig in die kompetisie en ons is die enigste munisipaliteit in SA wat n toekenning gekry het! Die ander wenners was almal van private maatskappye.

## Bomestad Toekenning

Ons is ook pas ingelig dat ons die Bome Stad van die Jaar toekenning vir 2017 gewen het. Ek is so trots op hierdie toekenning. Die toekenning gaan oor baie meer as net bome. Die toekenning word toegeken gebaseer op hoe ons groen spasies bestuur en skep, en die erfenis wat ons nalaat vir toekomstige generasies. Baie dankie aan ons amptenare wat so hard gewerk het vir hierdie toekenning! Ons presteer graag want dis vir ons gemeenskap en om seker te maak u as inwoner ontvang die beste moontlike dienslewering. Die toekennings is 'n absolute bonus en dien as 'n bewys dat ons in die regte rigting beweeg.

Dear Residents,

*It is nice kick off this beautiful spring month with good news! We have added 4 awards to our growing collection. The municipality has recently been honoured at the annual Provincial Govan Mbeki Awards for Housing Projects. The Jamestown Project won the award for best integrated residential development program and the Watergang project won for the best informal settlements upgrading program.*

I want to use this opportunity to thank the officials involved who worked so hard for these awards. The Plankenburg Main Outfall Sewer and Associated Works won an award at the CESA AON Engineering Excellence Awards. This award is given to projects with a value of R50 million or less. The Plankenburg project earned second place in the competition and we were the only municipality in South Africa who won an award! The other winners were all private companies.

## Arbor City Award

We were also just informed that we won the Arbor City of the Year Award for 2017. I am so proud of this award. The award is about much more than just trees. It is awarded on the basis of how we manage and create our green spaces, and the heritage we leave behind for future generations. Thank you to all our officials who worked very hard for this award! We love to excel because we do it for our community and to make sure that as a resident you receive the best possible service delivery. The awards are an absolute bonus and it serves as proof that we are moving in the right direction.

**Adv. Gesie van Deventer**
*Uitvoerende Burgemeester / Executive Mayor*
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

**SPAAR WATER**
**SAVE WATER**

Waterkrisis
Water Crisis
*bl/pg 3*

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SAFETY INITIATIVE

# Biotegnologiese Investering

U sou onthou dat ek in die vorige nuusbrief vir u genoem het dat ons aangewys is as een van die beste plekke in die wêreld vir die investering en uitbreiding van internasionale maatskappye vir die biotegnologie sektor. Ons is toe inderdaad as nommer 3 in Afrika, en die enigste munisipaliteit in SA, aangewys vir biotegnologie beleggings. Dit is 'n ongelooflike opwindende aankondiging vir ons en hou groot moontlikhede vir toekomstige belegging, innovasie en werkskepping in. Om te bou op hierdie goeie nuus het ek ook reeds vergader met Wesgro, die promosie agentskap vir investering, toerisme en besigheid in die Wes-Kaap. Daar is interessante voorstelle en planne vir ons in die pyplyn wat tot voordeel sal strek van ons breë gemeenskap. Die planne sluit onder andere in hulp met bemarking, ondersteuning aan ons uitvoerders asook kapitalisering op ons plek in die tegnologiemark. Soos die beplanning vorder sal ek u op hoogte hou. Ek is baie opgewonde oor al die geleenthede wat vir ons voorlê!

# Burgemeester- Besigheid-Inisiatief

Die "Burgemeester- Besigheid-inisiatief" gaan steeds voort en dit is al amper 'n jaar na ons eerste geleentheid. Hierdie platform het 'n waardevolle kommunikasie-kanaal geskep waar besighede uit alle sektore die geleentheid kry om met die munisipaliteit te praat oor die uitdagings wat hulle ervaar en hoe ons hulle kan bystaan om die rompslomp te verminder en ook in verbinding te plaas met agentskappe soos Wesgro, wat hulle kan help om hul besighede uit te bou. Die mees onlangse skakeling was gehou in Franschhoek, by Reuben Riffel se nuwe restaurant. Dit was 'n insiggewende vergadering wat ons die geleentheid gegun het om die rolspelers van volgende jaar se UCI-bergfiets Wêreldbeker aan mense voor te stel en dit was 'n voorreg om in een van ons bekroonde restaurante te kon wees.

# Stellenbosch Veiligheidsinisiatief

Baie van u het seker al gelees of gehoor van die SSI. SSI staan vir die "Stellenbosch Safety Initiative" of te wel die Stellenbosch Veiligheidsinisiatief. Dit is 'n inisiatief wat in 2014 reeds gestig is deur die munisipaliteit en ander belanghebbende groepe om 'n veiliger omgewing te skep in ons dorpe. Die inisiatief sluit die Munisipaliteit, SAPD en verskeie privaat sekuriteitsfirmas in. Die doel van die SSI is om 'n geïntegreerde eenheid te skep wat reageer tydens noodgevalle en so verseker dat die beperkte hulpbronne in ons area optimaal aangewend word. Die SSI beskik oor 'n gesentraliseerde radionetwerkstelsel en verskeie memorandums is in plek om bystand te lewer met CCTV en CCTV–monitering. Die SSI het die afgelope paar maande verskeie suksesvolle operasies uitgevoer regoor ons munisipale area. Die operasies het padblokkades, patrollies en die uitvoer van lasbriewe ingesluit. Die resultate was ongelooflik positief. Verskeie oortreders en verdagtes is vasgekeer, beboet of in hegtenis geneem. Ek wil namens ons inwoners almal wat deelgeneem het aan die operasies asook die persone wat dit help koördineer agter die skerms bedank vir die werk wat u doen. Indien u ook 'n noodgeval wil aanmeld kan u die SSI nommer skakel 021 886 8976 / 021 887 0911.

# Padvervoer

Oktober is Vervoermaand. Padvervoer en die uitdagings wat daarmee saam gaan in ons omgewing, is hoog op die agenda .Ek wil u graag deurlopend op hoogte hou van watter besprekings daar rondom hierdie uitdaging plaasvind. Soos u weet is verkeersdruk en parkering een van die groot uitdagings wat ons in die gesig staar en waaroor ons inwoners baie sterk opinies het. Daarom het ek Minister Donald Grant, die Wes-Kaapse

# Biotechnology Investments

You will remember that in the previous newsletter I mentioned that we were appointed as one of the best places in the word for investment and expanding international companies in the biotechnology sector. We were indeed appointed as the number three city in Africa, and the only municipality in South Africa, for biotechnology investments. It is an incredibly exciting announcement for us and has great potential for future investment, innovation and job creation. To build on this good news, I already met with Wesgro, the promotion agency for investment, tourism and business in the Western Cape. There are exciting proposals and plans for us in the future that will be for the benefit of our entire community. These plans include among others assistance with marketing, and support to our exporters as well as capitalising on our space within the technology market. As planning in this regard progress, I will keep you informed. I am very excited about all the opportunities ahead.

# Mayor Meets Business

The "Mayor Meets Business" initiative is still going strong and it has been almost a year since our first event. This platform has created a valuable communication channel that gives businesses from all sectors the opportunity to talk to the municipality about the challenges they experience and how we can assist them with reducing red tape and to connect them with agencies like Wesgro that can assist them with growing their businesses. The most recent event was held at Reuben Riffel's new restaurant in Franschhoek. It was an insightful meeting that gave us the opportunity to introduce the role-players of next year's UCI-mountain bike World Cup to the people. It was also a privilege to conduct the meeting in one of our top restaurants.

# Stellenbosch Safety Initiative

Many of you would have read or heard about the SSI. SSI stands for Stellenbosch Safety Initiative. It is an initiative that was started in 2014 by the municipality and other interest groups to create a safer environment in all our towns. The initiative includes the municipality, the SAPS and various private security firms. It is the goal of the SSI to create an integrated unit that will react in case of emergency and so ensure that the limited resources in our area are optimally applied. The SSI has a centralised radio network system and various memorandums in place to render assistance with CCTV and CCTIV monitoring. Over the past few months, the SSI conducted various successful roadblocks, patrols and executed search warrants. Various transgressors and suspects has been apprehended, fined or arrested. On behalf of all our residents, I want to thank everyone who participated in these operations for the work that you have done. In case anybody wants to report an emergency, you can call 021 886 8976 / 021 887 0911.

# Road Traffic

October is Transport Month. Road transport and the challenges that goes with this in our area remain high on the agenda. I want to continuously keep you updated on discussions that take place with regards to this challenge. As you know, traffic congestion and parking remains one of the biggest challenges we face and about which residents have really strong opinions. That is why I invited Minister Donald Grant, the Western Cape

Minister vir Openbare Werke en Vervoer, onlangs genooi om met die inwoners te gesels oor moontlike planne rakende die R44. Die openbare vergadering het plaasgevind in die Stadsaal en is baie goed bygewoon deur die gemeenskap. Graag wil ek dankie sê aan elke persoon wat die geleentheid bygewoon het en insette gelewer het. Dit is van uiterse belang vir ons dat ons gemeenskap deelneem aan regeringsprosesse. Die kommentaar wat ontvang is gedurende die vergadering word aangestuur na die Provinsiale Departement.

As deel van Vervoermaand, ondersteun ons ook die inisiatief om fiets te ry werk en skool toe. Oktobermaand wil ons almal op fietse sien, want van 16 tot 20 Oktober is dit weer "Ry fiets werk en skool toe-week" op Stellenbosch. In hierdie week moedig ons almal aan om werk en skool toe te ry met 'n fiets en hul motors by die huis te los. Indien jy nie 'n fiets het nie, leen of huur een, dis so maklik. Fietsry is ook veel goedkoper as om daagliks motor te ry. Dis selfs vinniger as jy 8-10 km van die werk bly en parkering is gratis.

## Waterkrisis

Die waterkrisis is deel van ons daaglikse uitdagings en dit bly 'n bekommernis vir die hele Wes-Kaapse regering en al die munisipaliteite. Ongelukkig kry ons steeds nie die samewerking van sommige inwoners nie. Asseblief Inwoners, ons het nie water om te mildelik te gebruik nie! Die krane sal opdroog indien elkeen nie sy bes doen om water te bespaar nie. Ons het 'n langtermyn droogte-plan opgestel en het reeds begin om dit te implementeer. Boorgate word getoets, waterdruk word strategies verminder, nuwe boorgate word beplan, lekkasies word herstel en bewusmakingsveldtogte word beplan. Dis belangrik om te verstaan dat hierdie plan net aan die mees basiese behoeftes sal voldoen. Indien inwoners nie gehoor gee aan ons noodroep vir besparing nie, sal ons meer ernstig moet optree en stappe instel soos waterbeperkende meters vir oortreders. Die Stad Kaapstad het reeds begin met soortgelyke stappe teen oortreders. Kom ons werk saam met om hierdie grootste krisis in 100 jaar te oorkom.

## Erfenismaand

September is Erfenismaand en op 24 September vier ons Erfenisdag. Ons gebruik hierdie geleentheid om ons diversiteit te vier en te deel met mekaar. Ek stem saam met ontslape oud-President Mandela dat ons kulturele erfenis die krag het om ons saam te snoer. Ons moet hard werk om die beste van ons erfenis met mekaar te deel en te gebruik om 'n gedeelde erfenis te bou. Daarom was dit ook vir my 'n voorreg en plesier om die jaarlikse e'Bosch Erefenisprojek program by te woon. e'Bosh is 'n burgerlike organisasie wat bestaan uit verteenwoordigers van al ons dorpies, die munisipaliteit en die universiteit, wat saamwerk om erfenis te bevorder en respek, kennis en bewondering te bou tussen verskillende kulture, en 'n gesamentlike kultuur te bou vir ons inwoners. Hierdie jaar het hul projekte gefokus op natuur-erfenis en erkenning is gegee aan inwoners wat werk om dit te bewaar.

## 'n Tyd vir Hernuwing

Soos die lente om ons begin oopvou, hoop ek u geniet hierdie wonderlike natuur-skouspel. Die winterreën, alhoewel dit nie genoeg was vir ons damme nie, het tog vir ons 'n mooi lente gebring. Vir my persoonlik is dit altyd 'n tyd van vernuwing, 'n nuwe lewensseisoen. Dit is nou so 'n plesier om werk toe te ry in die mooiste munisipaliteit die land!

*Groete,*
*Burgemeester Gesie*

Minister for Public Works and Transport, to talk to residents about possible plans for the R44. This public meeting took place in the town hall and was well attended by the community. I want to thank every person who attended the meeting and who made an input. It is extremely important that our community takes part in government processes. The comments received during this meeting will be sent through to the Provincial Department.

In October we would like to see more people on bikes. From 16 to 20 October it will again be Bike to Work and School Week in Stellenbosch. During this week we encourage everyone to cycle to work and leave their cars at home. If you don't have a bike, borrow or rent one, it is so easy. Cycling is far cheaper than driving a car, and even faster if you live 8-10 km from your workplace, plus parking is free.

## Water Crisis

The continuing water crisis remains one of our daily challenges and it remains cumbersome for the Western Cap Government and all the municipalities. Unfortunately we still find that there are some residents who do not comply. Please dear Resident, we do not have water to waste! We have drawn up a long term drought plan and have already begun to implement it. Boreholes are being tested, water pressure is strategically reduced in some areas, new boreholes are being planned, leaks are being repaired and awareness campaigns are being planned. It is important to understand that this plan will only provide for the most basic needs. If residents do not pay heed to our emergency request, we shall have to act and take steps to implement water restricting meters. The City of Cape Town has already begun with similar actions against transgressions. Let's work together to overcome the biggest crisis in 100 years.

## Heritage Month

September is Heritage Month and on 24 September, we celebrate Heritage Day. We use this opportunity to celebrate and share our diversity with one another. I agree with our late former President Mandela, that our cultural diversity has the power to bind us together. We have to work hard to share the best of our heritage with one another and use it to build a shared heritage. That is why it was a privilege for me to attend the annual e'Bosch Heritage Project Program. E'Bosh is a civic society organisation that consists of representatives from all our towns, the municipality and the university that work together to promote heritage, respect and knowledge between different cultures and build a united culture for residents. This year, the projects focussed on natural heritage and recognition was given to residents who worked to preserve it.

## A time of Renewal

My hope is that you enjoy the wonderful display of nature, as spring begins to unfold around us. Although our winter rains has been insufficient for our dams, it has brought us a beautiful spring. For me personally, it is a time of renewal, a season of life. It is such a pleasure to drive to work in the most beautiful municipality in the country!

*Regards,*
*Mayor Gesie*

## VLAK 4B WATERBEPERKINGS

# SLEGS 87L water gebruik per persoon per dag

### WATERBEPERKINGS VAN TOEPASSING OP ALLE GEBRUIKERS

1. Was van voertuie word **verbied**
2. **Bedek** swembaddens
3. Drink water uit 'n glas
4. Maak krane styf toe
5. Maak lekkasies reg
6. Maak skottelgoedwassers vol voor aanskakel
7. Maak wasmasjiene **vol**
8. **Maak krane toe** wanneer jy tande borsel of skeer
9. Natmaak van plante met drinkwater word **verbied**
10. **Vermy** skoonspuit van harde oppervlak- of geplaveide areas

Rapporteer alle wateroortredings by
021 808 8215 / 021 808 8953
of water.restrictions@stellenbosch.gov.za

## LEVEL 4B WATER RESTRICTIONS

# ONLY 87L water usage per person per day

### WATER RESTRICTIONS APPLICABLE TO ALL USERS

1. Washing of vehicles not **permitted**
2. **Cover** swimming pools
3. Drink water from a glass
4. Close taps properly
5. Fix leakages
6. Fill up dishwashers before use
7. **Fill** washing machines
8. **Close taps** when you brush teeth or shave
9. Watering of plants with drinking water is **prohibited**
10. **Avoid** hosing of hard surfaces or paved areas

Report all water transgressions to
021 808 8215 / 021 808 8953
or water.restrictions@stellenbosch.gov.za